



GRATIS
September
2025

Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Sel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Munte op Moria

DIE GEWIG VAN 'N NAAM

'n Naam het dikwels dieper betekenis. Jy het waarskynlik al iemand hoor sê: "Ek ken 'n Martin. Goeie mens. Regverdig. Betroubaar."

Name dra stories. Soms word hulle gegee ter ere, soms in hoop of afwagting. Soos byname gesmee in vuur, gebore in gedeelde uitdagings, gefluister tussen diegene wat saam deur iets gaan.

'n Leraar het eens 'n vraag gedeel wat God hom op die hart gedruk het:

"Waarom het My mense ophou om My te benoem?"

Die Israeliete het God baie name gegee. Elke naam het iets oor hul verhouding of 'n gebeurtenis onthul. *El Shaddai, Adonai, Jehovah Rapha*, en nog meer. Die naam wat vir my uitstaan, in die verhaal van Abraham: *Jehovah Jireh*, die Here wat voorsien.

Dis die middag van 27 Augustus 2024. Ons het pas die resultate van die BRT, dit is die Breinreaksietoets, vir ons 2-en-'n-half-jaar-oue dogtertjie ontvang. Wat kan 'n ouer vir so 'n resultaat voorberei?

"Profoundly deaf."

Vanaf hierdie oomblik dra ons 'n nuwe etiket. Soos wat die ander maatjies in hul onskuld sê:

"Die pappa en mamma met die dowe dogtertjie."

Dit is egter nie die einde van die storie nie. Daar is 'n manier vir haar om te hoor. 'n Kogleére implantaat. Die operasie sal die deel van haar ore omseil wat nie werk nie. Dit is nie towerkuns nie. Dit is wetenskap. Dit is hoop. Dit is ontsaglik duur.

Ons het die somme gedoen. As elke Suid-Afrikaner vir ons net

een sent gee, kan ons dit bekostig. As elke 'Afrikaner' vir ons 20c gee, kan ons dit nogtans haal. Dis ongeveer 3 miljoen maal 20c. Dit is die koste om ons dogter die sintuig van gehoor te gee.

'n Berg van koper. 'n Wonderwerk gemeet in 20 sente.

MANNA IN MUNTE

Na nog 'n ronde van toetse in September was ons op pad huis toe vanaf die hospitaal. Die jakarandas het Pretoria violet laat gloei. My vrou het gesê: "Kom ons hou stil en neem 'n paar gesinsfoto's." Ek het uit die motor geklim en iets het my oog gevang wat die son weerkaats. 'n 20c. Ek het dit opgetel en in my sak gesit. Dit het egter nie geregistreer nie.

'n Week later, terwyl ek huis toe loop van die werk af, het ek 'n spoedhobbel naby ons huis bereik. Weer eens het iets kleins geglinster in die sonlig. Nog 'n 20c. Ek het gebuk, dit in my sak gesit. Steeds het dit nie geregistreer nie.

Daardie naweek, toe ek by 'n kruidenierswinkel se parkeerterrein uitklim, was dit weer daar! Nog 'n glans. Nog 'n 20c. Ek het dit opgetel. Dié keer, soos 'n vis wat teen jou spring by die hawe, tref dit!

Drie ontvang...
2,999,997 om nog te gaan.

Jehovah Jireh. God sal voorsien.

AS TYD SAAMGEPERS WORD

Ons het in vennootskap met 'n liefdadigheidfonds getree. Hulle het aan ons meegedeel die geld benodig vir so 'n operasie sal waarskynlik 'n jaar neem om in te samel. Dit was egter 'n kritieke tyd, want ons dogtertjie was nog minder as drie jaar oud. Hoe vinniger sy in die venster van 2-tot 7-jarige ouderdom kan begin

hoor en leer praat, hoe beter is haar kans vir taalontwikkeling... en 'n 'normale' lewe.

Ons het met ons kerk vergader en die storie is soortgelyk uiteengesit. Ongeag projekte wat op die tafel gelê word, sal hierdie minstens 'n jaar wees voor die nodige fondse ingesamel kan word.

Op hierdie punt het dit gevoel of God ons troos deur te sê:
"Ons gaan nie so lank wag nie".

'n Vriendin wat by 'n aanlynmediahuis werk, het aangebied om 'n stuk namens ons te publiseer en die besonderhede van die liefdadigheidsorganisasie waarmee ons saamwerk, te deel. Om jouself so op die internet bloot te stel is een ding. Om dit aan jou familie te doen... Ek was huiwerig. Miskien effens skepties. Tog het die sluse geopen. Nie met donderweer nie, maar met 'n glinstering van genade. 'n Maand na ons die "profoundly deaf" resultaat ontvang het, is die stuk gepubliseer. Daardie naweek het ons 20% van die nodige fondse ontvang. Ek voel my naam kon sommer na Thomas verander. Hoe klein kan ons geloof nie wees nie, selfs te midde van oorvloedige voorsiening.

'n Week daarna, is ons genooi om op 'n plaaslike gemeenskapsradioprogram te gesels saam met die liefdadigheidsorganisasie. Daardieoggend is ons ingelig, die fonds het 'n verdere 60% ingesamel. Die radio-omroeper het ons ingelig dat die program besluit het om die finale 20% wat ons benodig, vir ons te skenk!

Nie net het ons nou die fondse nie, maar daardieoggend ontvang ons 'n bevestigde datum vir die operasie vanaf die liefdadigheidfonds se mediese vennoot. *Ons het 'n tyd!*



Die Hougaard-gesin

Wat hulle oorspronklik gesê het 'n jaar sou neem, het in twee maande plaasgevind! God het tyd saamgepers en skielik, het die datum van die operasie nadergekom.

'N NUWE NAAM

In Openbaring 2:17 word daar gepraat van verskuilde manna en die openbaring van 'n nuwe naam op 'n wit klip.

Wit simboliseer reinheid en regverdigheid. Die nuwe naam simboliseer 'n nuwe begin, of dan 'n nuwe identiteit deur God geskenk. Die belofte dui op 'n persoonlike verhouding met God, waar die nuwe naam net aan die ontvanger bekend is.

Wat Abraham op die Berg Moria beleef het, het ons in munte op die beton van die sypaadjie ontdek. In e-posse van vreemdelinge, familie en vriende, fondse wat geskenk word en datums op hospitaalvorms gedruk, was daar vir ons 'n belofte.

Voorsiening dra nie altyd die klere van 'n wonderwerk soos

Vervolg op p. 3

Die Graansuier en die Sakke

Josef se graansuier of voorraadkamers was VOL. Op God se bevel Hy het hy voldoende voorsiening gemaak. God het dit vir hom voorgeskryf op grond van Farao se droom wat Farao self nie kon uitlê nie. Dit het God behaag om Sy gesalfde dienskneg, Josef, op die regte tyd en regte geleentheid na vore te laat tree om voorsiening vir Sy volk Israel te maak en hulle te red van ondergang. God het Sy hand op Josef gelê van voor sy geboorte af. Afgesonder tot hierdie rigtinggewende werk. Maar eers moes God Josef vir jare lank voorberei en vorm vir hierdie enorme taak. Sy suiers was nie altyd vol nie. Dit was die eindpunt van baie swaar jare en 'n Goddelike ingrype in sy lewe.

Ons kan Josef se lewe volg van laagtepunt tot laagtepunt (slaaf tot tronkvoël) tot hoogtepunt (verheffing na kroonprins of onderkoning van Egipte, 'n vooruitstrewende land van sy tyd). Farao self benoem hom as heerseer oor sy huis en oor die hele Egipteland. Hy haal sy seërling van sy eie vinger af en steek dit aan Josef se vinger. Ook sy goue, koninklike ketting. En Josef ry op die tweede koninklike rytui, om deur die land te beweeg en voedsel te voorsien vir die hele toentertydse wêreld. Oral waar hy beweeg, moet hulle uitroep: "Betoon hom eer!" Hy kry ook 'n nuwe Egiptiese naam: Sáfenat-Panéag, wat beteken "oorvloed van lewe" of "oorvloed van lewe vir die lewendes." Daarom reis hy deur die hele land en rig oral voorraadskure op, want hy vorder by al die boere een vyfde van hulle opbrengs in gedurende die eerste sewe voorspoedige jare. Dit was sy tyd van hoogtepunte.

As jongeling was hy geliefd en bemind by sy vader omdat hy Ragel, Jakob se geliefde, se oudste seun was. Maar dit was oordrewe en misplaas. Hierdie voortrekery het Josef negatief beïnvloed, want hy het voortgebou op die drome wat hy gekry het. Hy was egter nog onvolwasse en het gedurig sy drome vir almal vertel (Gen. 37).

Hy vertel sy eerste droom: "Ons was op die land besig om gerwe te bind en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne." Toe sê sy broers vir hom: "Jy verbeel jou jy sal oor ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer?" Oor sy drome en sy praatjies het hulle 'n nog groter afkeervan hom gekry."

Hy vertel ook sy tweede droom: "Hy het gesê: 'Ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig.'

Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom gesê: 'Wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en jou ma en jou broers moet voor jou kom buig?' Sy broers was afgunstig op hom, en sy pa het aan die droom bly dink."

Dit het hom gehaat gemaak by sy broers wat later gesê het: "Hier kom die dromer!" Almal, ook Josef self en sy vader Jakob, was kortsigtig en kon nie God se plan uitpluis nie. Maar die uitdaging het by God gelê om uit NIKS iets goed te skep. God skep ex nihilo - iets uit niks. En dit is die pad wat God regdeur die Bybel geloop het met elke uitverkore werktuig en gesalfde. Hy bring ons op 'n plek tot waar ons uitroep: "God, ek kan nie meer nie!" En dit is waar God Homself aan ons vertoon. En jy vind uit: God was nog ALTYD daar!

Maar Josef moes eers deur donker laagtepunte gaan in sy voorbereidingsreis. In die tronk lê Josef ander se drome uit. Maar, kon hy vra: "HERE, wat van my? Ek sit al vergete hier in die tronk in 'n vreemde land, nou al vir twee jaar!" Dan droom Farao. Josef kon hierdie droom uitlê. Die graanoes. Die graansuiers of voorraadskure word vol! Dit moet sewe jaar hou. Daarna volg die tyd van sewe jaar van intense hongersnood. En nou kom koop sy broers koring by hom. Hy toets hulle bedoeling, hoe eerlik en opreg hulle is. Hulle bring hulle sakke, en dit word gevul. Maar elkeen se sak is so bedremmeld klein in vergelyking met die groot graansuiers of skure van Josef. Keer op keer kom koop hulle. Hulle het beperkte kapasiteit gehad.

Ook hier vind ons 'n toepassing vir onself. Die Here se graansuier is tot oorlopens toe VOL - onbeperk! Maar daarteenoor het ons 'n "klein sak mentaliteit". Ons kapasiteit is so klein, en ons kan nie alles bevat nie. Jesus Self het vir Sy dissipels net voor die kruis, opstanding en hemelvaart gesê: "Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie" (Joh. 16:12). God se rykdomme is oorvloedig, en is beskikbaar vir ons. Maar Hy deel die geestelike voedsel met wysheid - stukkie vir stukkie, sodat ons dit sal kan bevat en verteer.

Gedaglig aan sy drome, sê Josef vir sy broers: Gaan haal vir Benjamin, dat hy sy sak ook kan kom vul. Die graansuier is VOL! Meer as genoeg! Later sou hy sy ouers en almal se nageslag bring om in die land Gosen, die beste deel van Egipte, te kom woon. Hier is genoegsaam vir almal! Dan open-



baar hy hom aan sy broers: "Daarop bars hy in trane uit, sodat die Egiptenaars en ook die huis van Farao dit gehoor het. En Josef sê vir sy broers: Ek is Josef! Leef my vader nog? Maar sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle was verskrik voor hom. Verder sê Josef vir sy broers: Kom tog nader na my. En toe hulle nader kom, sê hy: Ek is julle broer Josef vir wie julle na Egipte verkoop het. Maar moenie julle self verwyt dat julle dit gedoen het nie. Eintlik is dit God wat dit bewerk het. Hy het my vooruit gestuur sodat julle lewens gespaar kon word. Twee jaar hongersnood is verby, maar daar lê nog vyf jaar voor. In dié tyd sal daar nie geploeg en geoes kan word nie. God het my voor julle uit gestuur om voorsorg te tref dat julle en julle gesinne aan die lewe kan bly en sodat julle 'n groot nasie kan word. Ja, dit is God wat my gestuur het en nie julle nie! Hy het gesorg dat ek as Farao se raadgewer aangestel word, en ook as bestuurder van sy hele huishouding en heerser oor die hele Egipte." En Josef vergewe hulle.

Sy broers bring berig na hulle ou vader, en sê: "Josef lewe nog! Hy is die heerser van die hele land Egipte!" Jakob was oorbluf deur hierdie nuus. Hy kon dit nie glo nie. Maar toe hulle Josef se boodskappe oordra en toe hy die waens sien wat Josef gestuur het om hom te kom haal, het hy tot verhaal gekom. Toe sê Jakob: "Dit moet waar wees! My seun Josef lewe regtig! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterf." En daar word Josef se profetiese drome bewaarheid: Hy sien die elf gerwe voor hom buig. En hy sien die son, maan en elf sterre buig voor hom. Want hy is die regeerder van die hele Egipte! En sy gesin bewys hom eer. God se plan word werklikheid. En Josef word die voorunner van natuurlike en ook geestelike voedsel, omdat hy God gehoorsaam was.

Alle gesalfdes van God vóór en ná Josef het hierdie pad geloop. Hulle begin met 'n "enkele sak mentaliteit" in kontras met die groot graansuiers wat beskikbaar is. Soos Josef se broers. Ons

almal staan met 'n powere, klein en geringe mentaliteit teenoor God. Hy is El Shaddai, die Algenoegsame. En alle wedergebore kinders van God word Sy werktuie, Sy dienaars in Sy Hand, met die wete: Dit wat Hy tot stand gebring het, sal Hy ook onderhou, beheer en bestuur. Want "geen ding sal by God onmoontlik wees nie."

Dit is dan waar God ingryp: reeds by die die beginpunt van ons afdaling. Ten spyte van ons klein sakke wat ons ronddra. Selfs vóór ons geboorte is ons Sy uitverkores. God kyk verby ons onvolwassenheid en onvermoë - Hy sien ons potensiaal raak. Vir die jongman Jeremia wat uiteindelik niks geword het, sê Hy: "Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak" (Jer. 1:5). En verder: "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant" (Jer. 1:5). Jeremia is dus reeds van voor sy geboorte geroep as instrument in God se hand, maar hy moes deur baie jare van stryd en voorbereiding gaan voordat hy uiteindelik in sy roeping kon staan. En selfs toe was dit nie 'n maklike roeping nie. Maar hy was getrou en kon God se geestelike brood met die volk deel. So ook Paulus: hy daal af en word niks. Hy roep uit in sy nood en noem homself: "die geringste van al die apostels" (1 Kor. 15:9; Efes. 3:8). Tog beleef Paulus God se hand op hom van voor sy geboorte: "Maar toe dit God behaag het, 'wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af...' en 'deur Sy genade [het Hy my] geroep om Sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig..." (Gal. 1:15-16).

Net so word elke wedergebore kind van God nie om 'n self-sugtige rede gered, bloot om hemel toe te gaan nie. Nee, hulle is uitverkore deur God om ware dienaars vir Hom te wees, voltyds en deeltyds, volgens jou eie

Vervolg op p. 3

Munte op Moria

Vervolg van p. 1

ons dit verwag nie. Soms is dit vermom as 'n mediavriendin, 'n liefdadigheidfonds of 20c in die son.

Ek is die ouer van 'n dowe kind. Nou met een kogleêre implantaat en die volgende een op pad Oktober 2025. Abraham was die vader van 'n volk. Ons het albei gewag vir voorsiening. Dit het gekom! Nie op ons tyd nie, maar deur Sy genade.

Die landskap het verander. Die tale is anders, maar die Naam? Die Naam het bestendig gebly. Ek betoon so eer aan my Vader vir my eie ondervinding van Jehovah Jireh. God voorsien. Gister. Vandag. Altijd.

My nuwe naam vir God, Hebreeus geïnspireer, is: "Elohim shadochas et hazman": God wat tyd saampers.

- Nico Hougaard



Die Graansuier en die Sakke

Vervolg van p. 2

karakter en bedieningsgawes. Want Sy Gees woon in jou! Daarom het Jesus ons gemaak en gevorm "van voor ons moederskoot af," uitverkore om "konings en priesters" vir Hom te wees. En dit kom met 'n prys. Jy moet tot nikswees voor Hom kom. Of dit kom met verdrukking en vervolging, vuuroonde en storms en of dit kom met bergtop-ervaringe, Hy berei ons elkeen indiwidueel voor volgens elkeen se karakter, om ons unieke roeping te vervul.

Vir Paulus het Hy op 'n keer gesê te midde van wrede intense vervolging: "En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon" (2 Kor. 12:9).

Kom dan vandag met jou "klein sak mentaliteit," jou kleinwees-mentaliteit en gee jou oor hier voor Sy Wederkoms om alles wat jy kan, te doen om vir Hom diens-

baar te wees. Aanvaar jou roeping. Al is dit net om vir iemand "n beker water te gee" omdat hy aan Christus behoort. Die Woord verklaar: "...die bruilofsmaal van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak" (Op. 19:7). Jesus Self het aan Johannes in die laaste boek van die Bybel gesê: "Ja, Ek kom gou." Dan antwoord Johannes: "Amen, ja, kom, Here Jesus!"


Laat God jou sakke vul, sodat jy weer aan ander hongeriges brood

kan gee. Laat Hy jou sakke vergroot, sodat jou kapasiteit meer kan word om nog meer van Sy hemelse brood te ontvang. Vertrou Hom in die moeilike jare van jou voorbereiding, en sien uit na die reis saam met Hom, totdat jy kom op die plek waar jy diensbaar vir Hom kan wees. **Word 'n brood-ontvanger én 'n brood-uitdeler.** Bring só aan Hom die eer as die oorvloedige Gewer van alle goeie Grawes!

© Dr JJ Venter

DITSHUPO KWA MAGODIMONG KA LWETSE 2025


(SIGNS IN THE HEAVENS IN SEPTEMBER 2025)



Meteor Showers
Dipula tsa Didumedi



Blood Moon /Lunar Eclipse
Ngwedi wa Madi/ Phifalo ya Ngwedi



Solar Eclipse
Phifalo ya Letsatsi



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

Moletlo wa Diterompeta ka Lwetse 2025, o gape o bidiwang Rosh Hashanah kgotsa Yom Teruah, o simolola fa letsatsi le phirima ka Mosupologo, Lwetse 22, 2025, mme o konela fa go nna bosigo ka Laboraro, Lwetse 24, 2025. Letsatsi leno la boikhutso la Bajuda le tshwaya tshimologo ya Ngwaga o Moshwa Bajuda mme ke nako ya go rapela, go itlhathloha le go letsatsi ionaka lwa phelef.

Ditemana tsa Baebele tse di rutang ka ngwedi o mohibidu di akaretsa Joele 2:31, Tshenolo 6:12 le Matheo 24:29.

JOELE 2:31 Letsatsi le tla fetoga lefifi, ngwedi o tla fetoga madi, go

ise go tle letsatsi la Morena le legolo, le le boitshegang.

TSHENOLLO 6:12 Ya re e kanolola sekano sa borataro, ka bona thoromo e kgolo ya lefatshe, letsatsi la ntshofala, la nna jaaka kgetse ya boditse, ngwedi otlhe wa nna jaaka madi

MATHEO 24:29 Ka bonako morago ga pitlagano ya malatsi ao, letsatsi le tla fifala, le ngwedi ga o kitla o ntsha lesedi la ona, le dinaledi di tla wa mo legodimong, le dithata tsa magodimo di tla reketliswa.

Mo Bakereseteng gompieno, ngwedi o mohibidu o tsewa e le sesupo se se botlhokwa sa legodimo se se supang gore "Letsatsi la Morena" kgotsa paka

ya Matshwenyego le a atamela. Le fa go ntse jalo, gantsi batho ba ba ikwathayang ba tshwanetse go nna le seabe mo dilong tse di sa siamang le tse di sa siamang, mme ba nne le seabe mo dilong tse di sa siamang. Ngwedi o mohibidu o tshwantshetsa tlhagiso ya bofelo ya Modimo pele ga go tla ga bobedi ga ga Keresete le metlha ya bokhutlo, go gatelela tlhokego ya go ipaakanyetsa semowa go lebeletse ditiragalos tseno tsa boporfeti.

Ke dire eng go pholoswa?

Amogela Jesu jaaka Mopholosi!

JOHANE 3:16 Gonne Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa le neela Morwaa-onay o

otsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhega, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng.

JOHANE 5:24-25 Ammaaruri, ammaaruri ke lo raya ke re: Yo o utlwang lefoko la me, a dumela ene yo o nthomileng, o na le bophelo jo bo sa khutleng, mme ga a tsene mo katlhholong; o dule mo losong, a tshelela botshelong. Ammaaruri, ammaaruri ke lo raya ke re: Nako e e tla, le jaanong e setse e tsile, e baswi ba tla utlwang lenseswe la Morwa Modimo ka yona, mme ba ba le utlwang ba tla phela.

God se Ontluikende Wil vir My

INLEIDING

Soms wonder ons of ons op die regte pad is, of ons met die regte dinge besig is, of ons God se beste en uitnemendste doelwitte vir ons lewe najaag... Dit is baie goed dat ons sulke vrae het, want dit beteken dat ons God tevrede wil stel en aan Hom vreugde wil bring.

Pastoor Craig Groeschel herinner ons dat ons kan nadink oor verskillende aspekte van God se wil: daar is God se soewereine wil (Sy oorkoepelende wil wat die beweegrigting van die wêreld bepaal en wat niemand kan teenstaan nie; Ef. 1:11), Sy morele wil (dit wat Hy wil hê ons moet doen en hoe ons korrek moet optree; bv. Ef. 4:15), Sy toelatende wil (goeie en soms negatiewe gebeure wat Hy wel toelaat omdat mense 'n vrye keuse gegun word, maar wat Hom nie noodwendig vreugde of plesier verskaf nie), en Sy persoonlike wil (die spesifieke werke wat Hy vir elke mens bepaal het, d.i. hul roeping; bv. Ef. 2:10).

Daar is ander kategorieë wat ons ook kan gebruik om God se wil te beskryf. Laat ons egter op 'n ander aspek fokus wat ek God se ontluikende of ontvouende wil sal noem.

1. DIE REIS VERSUS DIE EINDBESTEMMING

Dit gebeur gereeld dat ons voor groot besluite in die lewe te staan kom. Ons durf nie 'n fout maak nie, want dit kan tot groot reperkussies lei. Die versoeking is dan om te redeneer, te wroeg, selfs desperaat en angstig te soek na antwoorde - veral wanneer daar tydsdruk, morele druk of kompetisie betrokke is. Ons weeg die voor- en nadele op. Ons maak planne. Ons spekuleer. Ons wonder. En ons weet nie wat om te doen nie - besorg en radeloos.

Dalk lê daar 'n antwoord opgesluit in die metafor van 'n reis - ons kan só gefokus wees op die eindbestemming dat ons die reis self glad nie genotvol vind nie. En selfs kort voordat ons die eindbestemming bereik, is ons alreeds besig om ons volgende bestemming te beplan. 'n Meesterstrategie.

Nie dat dit verkeerd is om te beplan nie, maar dit kan 'n gevare vir ons geestelike lewe inhou: ons kan neig na 'n oormatige beklemtoning van werke of gebeure of besigheids, eerder as om stil voor God te raak en die reis sáam met Hom aan te pak - en elke tree van gemeenskap sáam met Hom te geniet.

Een Johannes 1:7 leer ons, "maar as ons in die lig leef, soos wat Hy

in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, Sy Seun, ons [voortdurend] van elke sonde."

Inderdaad leer die Westminster Korter Kategismus ons dat die hoofdoel van die mens is om God te verheerlik en Hom vir ewig te geniet (1 Kor. 10:31; Rom. 11:36; Ps. 73:25-28). Wat 'n kosbare, innige meelewings en saamwees wat ons beskore is!

Laat ons dus tevrede wees met die feit dat ons 'n kosbare Reisgenoot het; laat ons op Hom wag terwyl Hy die reisplan ontplooи. Miga 6:8 (DV) herinner ons, "Hy het aan jou, mens, bekend gemaak wat goed is: Wat anders eis die HERE van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?"

Laat Hy die stuurwiel neem, en ons die passasiersitplek. Laat ons op God wag soos die psalmis ook skryf, "Kyk, soos die oë van die knechte is op die hand van hulle heer, soos die oë van die diensmaagd is op die hand van haar meesteres - so is ons oë op die Here onse God, totdat Hy ons genadig is" (Ps. 123:2 OV). Op hierdie wyse bly ons van God afhanklik en kry Hy die eer vir die goeie seën wat ons beleef soos wat ons die lewenspad aandurf.

2. DIS 'N HARTSREIS

God se wil is dat ons in 'n verhouding met Hom sal staan en met Hom beraadslaag oor ons besluite. Psalm 32:8 (DV) lui, "Ek wil jou insig gee, Ek wil jou die pad leer wat jy moet loop. Ek wil jou raad gee, My oog oor jou hou." Dit spreek van 'n voortdurende wandeling en kommunikasie met ons Hemelse Vader. 'n Noue en intieme verbintenis. Soos 'n barmhartige, wyse vader, wil Hy ons Mentor wees en ons leer hoe om te leef. Nie net wát om te doen nie, maar met watter harts gesindheid en -motief.

Ons lees verder: "Dit is wat God wil hê: ons moet Sy Seun, Jesus Christus, volledig in die geloof aanvaar vir Wie Hy is. Daarmee saam moet ons die wil van Jesus doen deur mekaar lief te hê. Wie God se wil so doen, is werklik deel van die intieme familiekring van God. Sy belangte raak totaal met die belangte van God vervleg. God is vir hom die allerbelangrikste en hy is net so belangrik vir God. Dat God ons werklik so deel van Sy intieme familiekring gemaak het, kan ons daarin sien dat Hy aan ons die Heilige Gees gegee het" (1 Johannes 3:23-24 DB).

God se wil is dat ons ons lewe met

Hom sal deel, dat ons vir Hom raad sal vra en dan sal reageer op die inspraak van die Heilige Gees en Sy Woord. Vervlekte belangte en waardes. Liefde vir Hom en ander. En dit kry ons deurdat ons Hom voortdurend beter leer ken.

In Jesus se Hoëpriesterlike gebed, definieer Hy die ewige lewe as volg: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3 OV). Dit duif op praktiese ervaringskennis, meer as net kopkennis. **Hartskennis.**

Ons moet dus 'n hartsreis met God onderneem en sensitief na Sy Heilige Gees luister, omdat Hy vir ons die pad sal aandui wat ons moet stap. Dit sal dan vir ons natuurlik wees om Sy wil na te volg. Sodoende sal ons in Sy liefde bly: "Groter liefde as dit het niemand nie, dat iemand sy lewe aflê vir sy vriende [soos wat Jesus vir ons gedoen het]. Julle is My vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat 'n slaaf nie weet wat sy eienaar doen nie. Ek het julle egter vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek by My Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het" (Joh. 15:13-15 DV).

Ons is dus familie en vriende en mede-erfgename van Jesus (Rom. 8:17). In Jesus het ons nabig gekom (Ef. 2:13). Wat 'n groot genade!

3. DIS 'N REIS VAN OORGawe

Baie mense se besluite word deur hul eie belang gedryf. Wat sal vir my die voordeligste wees? Die beste vir my besigheid, gesin of loopbaan? Hoe gaan ek die kompetisie ore aansit? Bo uitkom?

As ons egter vir die eer van God leef en nie ons eie eer nie, verander ons perspektief en prioriteite. Ons dien 'n ander Koninkryk en nie meer ons eie nie. Dit maak nie meer saak of mense ons bewonder en op die skouer klop nie.

Die Boodskap herinner ons, "Moenie julle lewens mors deur sonder 'n doel te leef nie, maar maak seker hoe die Here wil hê julle moet leef" (Ef. 5:17). Die 2020-vertaling stel dit so, "Let daarom sorgvuldig op hoe julle leef - nie as onverstandiges nie, maar as wyses. Koop die tyd uit, omdat die dae vol boosheid is. Om hierdie rede moet julle nie onverstandig wees nie; probeer eerder om te verstaan wat die wil van die Here is" (Ef. 5:15-17). Die Nuwe Lewende Vertaling som dit mooi op: **leef Geesvervuld!**

Soms is dit 'n stryd tussen my wil en God se wil, veral as ek nie verstaan hoekom 'n bepaalde saak moet plaasvind nie. Mag ons ons wil belyn met God s'n. Dit verg werk en aflegging en self-verloëning, terwyl ons God se wil soek.

Die rede dat ons soms nie hoor wat God sê nie en nie weet wat Sy wil vir 'n bepaalde saak is nie, is dat ons heimlik reeds besluit het wat ons wil doen, en nie bereid is om afstand daarvan te doen nie. Dat ons reeds 'n plan gereed het. Ons wil eintlik net God se goedkeuring hê. Dit is nog 'n geestelike strik.

As ons egter van harte glo dat God die beste vir ons wil hê en dat Sy planne soveel beter as ons eie is, dan sal ons kom op die punt van oorgawe - ten spyte van ons eie besware en dié van ander. Ons sal terugstaan, God se wil daadwerklik soek, en dit ook in nederrige gehoorsaamheid nougeset uitvoer. Hoe meer ons onself in hierdie geestelike dissipline oefen, hoe makliker sal ons God se Stem hoor en hoe makliker sal ons die pad stap wat Hy wil hê ons moet stap.

4. DIS 'N REIS VAN VERTROUWE

Die psalmis herinner ons, "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad" (Ps. 119:105 OV). Die Hebreeuse woord vir lamp is nîr en duif op 'n dowwe lamp, soos 'n kerslig. Die implikasie is dat ons beperkte visie het, maar wel genoeg lig vir die volgende tree op ons pad. As ons een tree gee, sal ons vorentoe beweeg en nou in staat wees om die volgende tree te gee. En dan nog 'n tree. So lei die Woord van God ons ook: stap vir stap. Dit duif rigting aan, maar gee nie die volledige padkaart in fynste besonderhede vir ons nie.

Die lewe moet tog gelééf word - stukkie vir stukkie. Dit verg dus vertroue van ons kant af - dat ons God sal volg, al kan ons nie die volle prentjie sien of ons lewensomstandighede wat ons tans beleef, begryp nie.

Dit mag wees dat die Vader moeilike dinge oor ons pad toelaat (nie noodwendig stuurnie, maar dit wel Sy diensknegte maak) om ons karakter te vorm. Om ons te help om sekere dinge af te lê en ons fokus en perspektief te verfyn. Hy mag ons selfs tugtig: "En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraaf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy

Vervolg op p. 5

TRUSTING GOD TO SHAPE YOUR STORY

1. THE IMPRINT OF MEMORY

There's an old potter's adage that says, "Clay has memory." Press your thumb into a pliable mound of earth, and it will hold the indentation long after the surface is smoothed over. Beneath the glaze, beneath the finished shape, the clay still remembers where it was pressed, where it was pulled, where it was wounded. Isn't that how we are, too?

Our souls bear the imprints of moments long past. Words spoken in anger, love offered and withdrawn, joys that made us sing, betrayals that hollowed us out, all of it is pressed into us. We may smooth our faces and build sturdy lives, but underneath, there are grooves and impressions time has not erased.

Perhaps it feels like weakness to be so formed by what we've experienced. But what if it's also what makes us most beautiful? What if the memory held within us is not simply scar tissue but a testimony that we have lived, that we have been molded by both pain and grace?

Scripture echoes this in Psalm 56:8 ESV: "You have kept count of my tossings; put my tears in Your bottle. Are they not in Your book?" Nothing we've carried has been lost on God. Each sorrow is known, each joy remembered.

When we come to God with our memories, we aren't offering Him pristine, unmarked clay. We bring Him all the fingerprints, all the

fractures, all the lines that tell our story. And in His hands, they are not flaws to be erased, but lines of narrative He weaves into something more whole than we could imagine.

Today, dare to notice the places you still carry the past. Rather than despising them, let them remind you of your tenderness, your capacity to be shaped, your willingness to keep living. Clay that refuses to be moved becomes like stone. Your softness is not your failure: it is your glory that can be used for God's glory.

2. WHEN OUR CRACKS SHOW

There's a part of us that fears being seen for who we really are, the fragile places, the inconsistencies, the cracks that spider quietly across our surface. We often work to patch ourselves up, to appear smooth and unbroken. But the truth is, no vessel makes it through the kiln of life without some stress. Some lines are inevitable. Some give way under pressure.

In the short film "Clay Has a Memory," the potter says: "If I'm going to make a piece of art that's an expression of my soul, I have to be clean." This isn't about moral perfection but about integrity: an alignment between what is inside and what is outside.

Unconfessed bitterness, harboured shame, unhealed memories, these eventually work their way through the walls of our lives, sometimes as hairline cracks,

sometimes as deep fractures. But God is a Master Craftsman. In His hands, our cracks don't spell ruin. They become windows for light to shine through. As Paul writes in 2 Cor. 4:7 ESV: "But we have this treasure in jars of clay, to show that the surpassing power belongs to God and not to us." It is precisely our frailty that reveals His glory.

What if our broken places aren't proof of failure but invitations to deeper honesty, more profound surrender, gentler compassion for ourselves and others? Kintsugi, the Japanese art of repairing pottery with gold, sees the cracks as part of the object's history, making it more beautiful for having been broken. God does the same with us; not erasing our past but highlighting how grace holds us together.

Where have you been trying to hide your cracks? What might it mean to bring them into the light, to let God mend them in a way that doesn't erase the story but dignifies it?

3. CRAFTING BEAUTY WITH OUR LIVES

By now, perhaps you're starting to see your life as a kind of living vessel; molded by memory, marked by stories of both wounding and wonder. The question becomes: what do we do with this clay? Do we harden it in bitterness, or do we keep yielding to the shaping of divine hands?

In the Wonderhunt film "Clay Has a Memory," we see creativity as a

sacred act. The potter doesn't just make bowls to be useful. He creates pieces that carry something of his own soul. When we live honestly, allow ourselves to be shaped by forgiveness, tenderness, and truth, we become living works of art, bearing the signature of the One Who made us. Scripture invites us into this shaping. Isaiah 64:8 ESV says: "But now, O Lord, You are our Father; we are the clay, and You are our Potter; we are all the work of Your hand." This isn't passive resignation but an active trust, choosing again and again to stay soft in His hands.

The state of your soul flows through your hands, your words, your relationships. Healing, then, is not simply for your own relief but so that the art of your life might bring beauty into the world. That doesn't require perfection. It requires courage to let your true story breathe.

As you go forward, remember: the clay remembers, yes, but so does the Potter. He knows every sorrow that pressed upon you, every joy that made you pliable, every season you feared you were beyond repair. And He still calls you good, still shapes you with patient, skillful love.

What would it look like to trust Him today? To let your life be crafted into something beautiful, not despite your memories, but because of them? Stream the film mentioned above completely free at wonderhunt.co

- Betsy Sunny

God se Ontluikende Wil vir My

Vervolg van p. 4

kasty elke seun wat Hy aanneem" (Heb. 12:5-6 OV).

Dit is in hierdie tye wat ons onself die volgende vrae moet afvra: Is God betroubaar? Het Hy my al ooit in die steek gelaat? Dra Hy my belang op die hart? Sy karakter is volmaak en Sy hart is vol liefde. Ons kan Hom vertrou om ons deur elke krisis, nood, en tugtiging te lei, ook die een wat ons dalk nou beleef.

SLOTSOM

Dit mag gebeur dat die Here ons 'n kragtige visie gee en 'n belangrike saak vir ons as 'n groot geheel sal openbaar. Maar dit gebeur ook dikwels dat Hy ons eerder stap vir stap lei en leer. Met ander woorde, dat Sy wil en roeping vir ons stelselmatig ontvou. Ons moet dan leer om geduldig

en in vertroue op Hom en op Sy volmaakte tydsberekening en handelswyse te wag. Laat ons die reis op pad na die eindbestemming geniet! Laat ons ons verheug in die wonderlike voorreg dat ons nie net gedweë slawe is wat maar moet luister na elke bevlieging of wispelturige bevel van hulle eienaar nie, maar dat ons deel is van die Goddelike familie en verstaan wat God se oorkoepeleende plan, asook dele van Sy gedetailleerde reisplan vir ons is.

Lê vandag jou belang neer en Koninkryksbelange na. Vertrou Hom en gee oor aan Sy volmaakte wil soos wat dit ontvou wanneer ons hand aan Hand met Hom die lewenspad aandurf! Dan sal jy God beleef as Emmanuel - want Hy is inderdaad met ons!

© C Venter



Leaving a Legacy of Love

By Sophia Bricker

I recently finished reading Miriam Huffman Rockness's *A Passion for the Impossible: The Life of Lilius Trotter*. Lilius Trotter (1853-1928) is not as widely known as other missionaries like Lottie Moon or Hudson Taylor. However, I first learned about Trotter when I read a devotional book about Christian women in history.

After reading the short excerpt about her life, I was intrigued and read her *Parables of the Cross*. While this book is short, it is a biblically rich work that challenges readers to greater discipleship. Since I greatly enjoyed Trotter's writings, I decided to read her biography by Rockness, who is a recognised authority on Lilius' life. She regularly blogs about Trotter's art [see below] and writings.

A Passion for the Impossible details Lilius's life including her ministry to the downtrodden in England to her mission work in Algeria. Although she is not widely known, Lilius Trotter displayed a life of love for her Saviour and others.

Even when she was serving at home, she was pressing the limits of what it meant to reach others. In the culture of her era, most upper-class women volunteered their time for social causes to balance out their easy life of comfort.

However, Lilius went a step further and kept reaching out to the downtrodden and undesirables even when it went against social standards. As Rockness wrote in the biography, "At a time when it was unacceptable for a young woman to be out alone in the city, Lilius fearlessly traversed the streets to rescue these street-walkers [prostitutes], many of whom haunted the neighbourhood of Victoria Station" (p. 91). Her bravery in reaching out to the prostitutes of her city shows her heart for people who needed to know about Jesus.

Later, when she was in Algeria, she displayed a similar concern for the women who were cloistered away in their homes. Knowing that these women needed to hear the good news of

